## Blokkiesraaisel antwoorde vol. 2.

### Antwoorde: Dwars.

1. Hoed
5. S.S.
8. Bus
9. Rhino
10. Ma
11. lopie
12. Twins
13. oe
14. Oop
15. Beleg
18. Ngubu
21. ete
22. opsaal
23. al
24. eet
25. Go
26. se
27. rus
28. otters
29. H.F
30. Lina
31. eg
32. an
33. Agre
35. Tierkop
36c. L.V.
37. Laat
38. S
40. Lottering
41. een.

### Antwoorde: af

1. Hartebees
2. eb
3. Duin
4. Drakensberg.
5. Snou
6. sop
7. Sleepkloof
14. Du
16. ete
17. let
19. Ga
20. Bloukrans.
23. Ag
26. See
28. on
28b. Ta
29. Huil
30. Lat
34. Eva
35b. El
36. KAS
36b. OT
38. Son
39. Lê.

## GEBED VIR DIE NUWE JAAR

Hemelse Vader,

hier aan die begin van 'n nuwe jaar, kom ek na U toe, die Almagtige en Alwyse, wat van die begin af ook die einde sien.

Voordat ek op die nuwe onbekende pad gaan, moet ek bely dat ek alleen veilig sal wees as U met elke tree my hand vashou.

As te veel vir my oog verborge is, laat my getrou bly aan dit wat ek wel weet en sien.

As ek nie my bestemming, in die verte kan bespied nie, laat my dankbaar wees vir die enkele tree wat ek wel kan sien.

As ek u wese nie kan begryp nie, laat my kinderlikvertrouend vashou aan u beloftes.

As dit my soms aan geloof ontbreek, laat my nooit die liefde en die hoop verloor nie en, Here, kom my ongeloof tot hulp.

As ek nie insig in u plan met my het nie, laat my dit in gehoorsaamheid nie bevraagteken nie.

As ek hierdie jaar suksesvol is, hou my dankbaar, nederig en ootmoedig.

As teleurstelling en mislukking op my wag, bewaar my van wanhoop.

Of my drome en ambiesies bewaarheid word en of my ideale tot as word in my hande, dierbare Vader, hou my vas in liefde en leer my dat alles ten goede meewerk.


Maak my blymoedig in die nuwe jaar.

Ek bid dit in die Naam van Hom wat deur sy dood dit vir my moontlik gemaak het om die lewe te kies — Jesus Christus, my Here en Verlosser

Amen

Hendrik en Annie Mouton

# OPSAAL!



No 3

1993.



GEORGE
VOETSLAANKLUB - BERG & DAL - HIKING CLUB



# Stap saam met my.

Kom ons dink 'n oomblik terug oor 1993.
Kan ek met eerlikheid sê "my lewe het vir ander betekenis gehad"? Kan ek sê my optrede was in woord en daad tot eer van my Heer.

Ek glo u sal saam met my bely dat ons vêr te kort geskiet het.


Moet ek daarom in sak en as gaan sit? Nee,

Dankie tog! Hy het begrip en medelye met my swakhede; daarom bekyk ek die lewe deur 'n rooskleurige bril. Met my eie voorneme om as nietige mens deur die genade van die Here/- net my beste te gee in die jaar wat kom

Die jaar wat verby is, was een groot vreugde.
Die grootste vreugde was "STAP."
Ek kon die lewe ervaar.
Vir my was dit vernuwe van menswees.
Ek kon weer besef hoe heerlik dit is om sintuie te hê en hulle te gebruik.

Soms was ek kinderlik bly dat my oë die prag van kleur en vorm kon aanskou.
Ek kon geluide hoor wat nog nooit tot my deurgedring het nie.
Ek het ontdek dat ek 'n neus het
Ek kon die brand van die son en die byt van die koue voel.
Dit wat ek geëet het was lekker.
Om te stap gee smaak aan die lewe.
En wat van die selfbeheersing, dissipline en deursettingsvermoë wat ek kon leer en toepas.
Hoeveel keer is my vriendskap en kameraadskap nie grondig getoets nie
Saam met die diere het ek uitgestyg bo die gras, blomme en bome.
Voorwaar die lewe is groot vir 'n voetslaner. "Vita magna est"
My gebed vir die nuwe jaar is ook dat jy net ek elke oggend verwonderd sal wees en dankbaar vir die lig van die dag.
Dat ons sal kan lag en van die kleinste en gewoonste blomme op ons lewensweg sal geniet!
Voetslaan groete!
Annekie Nel.





## ASKOEK

*Kinders wil altyd graag Askoek bak, maar laat hulle eers tuis oefen!*

**1 koppie (250 ml) bruismeel**
**1 teelepel (5 ml) bakpoeier**
**1 teelepel (5 ml) sout**
**¼–½ koppie (60–125 ml) water**
**1 eetlepel (15 ml) margarien of kookolie**

*Tuis:* Geen voorbereiding.
*In die kamp:* Meng die meel, bakpoeier en sout in 'n kookemmertjie. In 'n ander kookemmertjie, verhit die water en die margarien of kookolie en meng dit dan geleidelik by die meelmengsel tot 'n gladde, plooibare deeg. Vorm die deeg in 'n ronde, plat koek (soortgelyk aan pitabrood), bedek dit met kole van 'n oop vuur en bak vir ongeveer 30 minute. Wanneer die koek gaar is, vee die as af en sit voor met konfyt, kaas of dit waarvoor jy lus het!
*Lewer 1 koek.*

## KAMPVUURBROOD

*Hierdie baie basiese resep lewer 'n plat brood, byna soos 'n dik pannekoek. Dit is ideaal om teen die einde van die staptog te maak omdat 'n mens byna enige oorskietkos kan byvoeg — soet of sout. Kyk al die kospakkies deur vir oorskiet — dis verstommend wat 'n mens kan vind.*

**2 koppies (500 ml) koekmeelblom**
**1 eetlepel (15 ml) bakpoeier**
**½ teelepel (2,5 ml) sout**
**± 1 koppie (± 250 ml) water**
**1 eetlepel (15 ml) kookolie**

*Tuis:* Geen voorbereiding.
*In die kamp:* Meng die meel, bakpoeier en sout in 'n kookemmertjie, en voeg water geleidelik by tot 'n gladde deeg. (Dit mag nodig wees om meer water by te voeg.) Vorm die deeg in ronde, plat broodjies, ongeveer 1,5 cm dik en 12 cm in deursnee en bak in verhitte olie in 'n deksel vir ongeveer 10 minute per kant, of tot goudbruin aan albei kante
*Lewer 4–6 broodjies*

# New Books

## ON FOOT in the GARDEN ROUTE

by JUDITH HOPLEY

This booklet describes fifty short walks in the area between Mossel Bay and Storms River, and is ideal for those wanting to discover more about our coast, forest, and fynbos areas.

For each walk the following information is included: *-Applicable regulations *-Equipment required *-Main features of the route *-Distance *-Approximate time *-Degree of difficulty of the walk *-Directions to the start *-Description of the route

The book is being sold as a fund-raising effort by the Honorary Rangers of the National Parks Board in this area. The selling price is R32 each.

Unfortunately it is available only in English at this stage.

Should you be interested in obtaining a copy, please contact Keith Coppin at 744140 (office) or 90614 (home). Alternatively, your Hiking C chairman will be able to make arrangements.

OPSAAL: I

U artikel "STAP SAAM MET MY" laat onwillekeurig die vraag ontstaan, hoekom stap ek inderdaad. Luister maar na die verskeidenheid versugtinge, onwillekeurig geuiter, as die son warm word, die sak swaarder word en die honger harder klop."Nooit weer nie, ek sal myself nie langer so martel nie, wat soek n oumens soos ek hier," is die mees algemene opmerkings. Dis dan wanneer die oproep OPSAAL huiwerig en met nie veel vertroue weerklink. Wat myself aanbetref, ek het eers op aftree ouderdom begin begryp watter oneindige voorreg dit is om jouself af te sonder en te peins oor die ewig onbegryplike wonder van die skepping. Toe ek n paar jaar alleen hier om die dorp rondgedwaal het en n groot verskeidenheid paadjies ontdek het was dit n aangename ervaring om te weet, daar is geen haas nie, ek hoef nie n bepaalde bestemming voor so laat te bereik nie. Ek kan enige tyd omdraai en by die volgende geleentheid verder stap. Ek kon rustig besin oor die groot verskeidenheid wat my omring. Toe het ek ervaar dat voetslaan, plat op jou twee voete, die oudste en steeds die veiligste wyse van reis is, wat onwillekeurig jou waarneming en waardering verskerp, jou dieper denke stimuleer, en jou dwing om nederig jou nietigheid te besef. Vandag is dit vir my n totale leefwyse wat in my totale ontspanningsbehoefte voorsien. Psalm I9 se:

Hoe goddelik en skoon
en wonderbaar die toon
wat deur die skepping gaan,
geen volk so onbegaaf
geen oor so onbeskaaf
wat nie die taal verstaan.



U kan die psalm maar gerus voor elke staptog lees om dit die volgende dag te bepeins.. Ons is tog nie swerwers sonder rigting of soekers wat nooit vind nie, met erkenning aan Du Plessis. Se liewer damkie vir elke nuwe boom en blom, en vir al die nuwe vriende.

Verder n mondjievol wel en wee.
Magdaleen verloor haar baadjie.( Was Hennie baie kwaad?)
Joey verloor haar handskoen. (Sy het hom glo weer later gekry)
n Ramp, somar ernstig ook: Hennie en die waterbottel.Hou dit m maar onder die kombers.
Lina slaan al die bestaande en vir die voorsienbare toekoms wereld rekords tussen die biblioteek en Fernridge hek.
Pas tog op, en wees ernstig gewaarsku, Talita se pad is moeilik oorleefbaar. Los dit, bly liewer weg.

Gegroet met nederige voetslaan groete,

T. Oosthoff.

h Hartlike lag
is een van die beste geneesmiddels ter wêreld.
Wie daarin kan lesgee,
sou een van die grootste weldoeners van die mensdom kon word.

Hoe kan ons die sout van die aarde wees
solank ons ander oor hul foute peper?

# DIE SEDERBERGE

Deur: ROZA BLOM

Die Sederberge was nog altyd net 'n droom vir my. 'n Baie prikkelende droom. 'n Frustrerende droom, omdat ek nie kon saampraat met die paar uitverkose mense vir wie die droom reeds 'n realiteit geword het nie. Uiteindelik het ook ék die geleentheid gehad om hierdie "gebeurtenis" te belewe.

Na 'n lang aanloop van beplanning en bespiegeling, van opgewonde raak oor die dag van vertrek wat soos 'n trapsuutjie al nader gekom het, het ons uiteindelik George se stof afgeskud en die lang pad Sederberge toe aangepak. Gelukkig het ons deur pragtige natuurskoon gery en met 'n paar "pitstops" tussenin het ons uiteindelik op Sanddrif gearriveer.

Die gees was reg onder die mense. Die opgewondenheid voelbaar. Na twee dae se "redelike" stappe, sou ons die Wolfskeure aandurf, wat ons deurgang sou gee na die veelbesproke "Boog" bo-op die berg. Willie Nel, die leier van die groep, het ons bang gepraat. Jy het gewonder of jy nie maar moet siek speel, laat moet slaap en die dag by die swempoele moet deurbring nie.

Gelukkig het die nuuskierigheid en die gedagte "ek sal dit darem seker maak", ons almal aangespoor tot groot hoogtes van inisiatief, en die volgende oggend teen ligdag het ons in die pad geval. Almal gepak en gesteweld vir die tog berguit en bergoor. Die oggend was fris en almal het uitbundig gelag en gesels, (en natuurlik gewonder wat vir ons voorlê!)

Die aanloop berg toe was redelik en koel en ons het kans gesien vir baie. Die eerste deel van die klim was dan ook redelik maklik met 'n duidelike mensgemaakte voetpad, en almal was dit eens dat dit darem nou so 'n onverwagte gelukskootjie was. Die panorama onder ons was asemrowend. Die kranse bokant [illegible] majestueus

Daar is drie Wolfskeure. Die laaste deel tot by die voet van die skeure was rof en sonder voetpad, maar ons almal het die dorings en distels, die los klippe en geniepsige steeksels oorleef en uiteindelik in die koel skaduwees van die Wolfskeure gestaan.

Bert sou die groot groep lei deur die linkerkantste skeur en die pad wat normaalweg gevolg word. Willie moes nou weer dwarstrek en wou gaan "explore". (Ek moet sê hy het mooi genoeg toestemming gevra!) Na sy beskrywing van sy voorgenome verkenningstog die vorige aand, was ek ook baie nuuskierig om die "wonder roete" te sien, en was een van die groep van vier wat hom sou vergesel.

Die aanblik van die skeure was al genoeg om vir my koue rillings van ontsag langs my ruggraat af te gee, maar ek het geweet wie nie waag nie, sal nie wen nie en is met ferme tred agter Willie en Kie aan die onbekende in.

Die ontdekkingstog het afgeskop met 'n klim teen 'n loodregte rots uit, maar gelukkig het ons 'n man met lang en stewige arms en bene onder ons gehad en kort voor lank staan ons toe almal op die eerste rotslys, wat ons lei na 'n klein grotjie. Na redelike bespiegelings en ondersoeke was ons oortuig dat ons pad uit beslis nie dáár begin nie.

Gelukkig het die ontdekkingsgees hard in ons gewoed en ons het ywerig begin soek na 'n pad uit. Kort voor lank en na 'n paar mislukte misleidende





paadjies, het ons die ware Jacob ontdek en het die middelste skeur ons ingesluk.

Ons was midde in 'n groot grot met 'n vloer van seesand en 'n duisternis uitgange. Gelukkig was die manne se sesde sintuie die dag reg, en het ons deur 'n nou, donker gangetjie gewurm en ons in 'n nog groter grotsaal bevind.

Die wonder van rotsvormasies en kleur en gevoel van ewigheid wat ons daar ondervind het sal ek seker nooit behoorlik kan beskryf nie. Die stilte - die majesteit van die Groter Hand het my amper bewoë verwonderd laat staan en kyk. Mens kon nie genoeg kry van die skoonheid en die wonder om jou nie.

Uiteindelik moes ons verder en ons was maar almal traag om ons los te skeur uit die amper gewyde atmosfeer. Voor ons was 'n nou gang van ongeveer twee meter met rotswande van sowat veertig meter hoog. Ons het almal baie klein gevoel - letterlik en figuurlik.

Na 'n redelike stap met hier en daar 'n paar rotsobstruksies, het ons , of so het dit vir ons gelyk, teen 'n muur vasgeloop. By nadere ondersoek, egter, het ons 'n kleinerige driehoekige opening op die bodem ontdek waardeur ons op ons rue kon deurseil.

Ons Eva geslag is mos half soepel en het geen probleme met die draaie en dinge gehad nie. Maar toe kom die manne se beurt. Willie was eerste aan die beurt en toe hy so halfpad deur was, kon hy skielik nie vorentoe of agtertoe nie. Die man was te fris gewees sien. En hoe benouder hy geraak het, hoe meer het hy asem opgehou en hoe minder kon hy deur die gat kom.

Uiteindelik moes Willie toe so te sê sy laaste asem uitblaas, sodat sy borskas kon sak en is hy met 'n getrek en 'n gestoot deur die gat. Nodeloos om te sê dat 'n paar van Willie se tåttoeëermerke agter gebly het op van die rotse en hulle sal in die toekoms aangeteken word as nuutgevonde boesmantekeninge!

Ons lang man het weer probleme met sy ekstremiteite gehad wat nie so mooi wou vou en buig waar hulle moes nie, maar uiteindelik was ook hy heelhuids deur die skeur. Ons pad verder was maklik, en gou was ons bo op die plato met die wêreld aan ons voete.

Die groot groep stappers was reeds bo en het ontspan in die koelte van 'n paar groot rotsblokke. Ons was bly ons was weer bymekaar maar dit was 'n ondervinding wat ek nooit sal vergeet nie. Dankie Willie vir die geleentheid om jou "ontdekkingstog" te kon meemaak. Ek sal seer sekerlik weer die Sederberge met sy pragtige skoonheid en grootsheid besoek.

Dis 'n plek van oordenking, van selfondersoek, van klein voel, van mens wees.

Die grootste tragedie in die lewe
is nie die gebede wat nie
verhoor word nie,
maar dié wat nooit
gebid word nie.

In die stil groen tuin atmosfeer kom die rustige mymering van die Indiese digter in gedagte --

"Gister is 'n droom en môre net 'n visioen
Maar vandag goedgeleef
Maak elke gister 'n droom van geluk
en elke môre 'n visioen van hoop"

## ■ Waterkloof Hiking Trail



Another trail in the OFS but in the Moolmanshoek conservancy near Ficksburg, is the Waterkloof two or three day trail. Located in the Witberg mountains this trail is of average to above average difficulty and requires a degree of stamina.

The first and second days are both about 14km in length and even if you take the two day detour off the trail the second day remains 14km. The third day is a mere 5,5km and the routes are full circles. The base camp is Waterkloof farmhouse and a thatched rondavel. There is a total of 30 beds (30 hikers is the maximum allowed) with mattresses and two bathrooms with gas heated shower and bath, and toilets. There is also a gas fridge and a 2-plate gas cooker.



Barolong camp is the first overnight stop and is nestled under a huge sandstone overhang cave. Hikers sleep either in the wattle and daub rooms or under the overhang. Straw mattresses and firewood are available and water can be obtained at a nearby stream. There is a veld toilet. The second night is spent in the Sphinx mountain hut which has two bedrooms with 30 beds each, two cold water showers and two toilets. A "donkey" attached to the fireplace in the nearby lapa will provide hot water and there is firewood and braai facilities. The hut overlooks a pool and a nearby dam has a variety of birdlife. Phone Jacana Country Homes and Trails at Tel: (012) 346-3550 or Fax: (012) 346-2499 or PO Box 95212, Waterkloof, 0145.

## ■ HIKING TRAIL IN THE EASTERN TRANSVAAL

Situated near Swaziland in the Southeastern Transvaal Highveld, the Brook Hiking Trail traverses a most beautiful part of the country where the grassland of the high plateau gives way to a series of valleys leading to the Lowveld.

It is not a backpacking trail and consists of one full day's walking (16 kilometres plus another short walk of five and a half kilometres), making it ideal for families. Hikers stay overnight at the Muzentu Hut, an old renovated farmhouse situated at the highest point of the trail (1 787 metres), providing a marvellous view of the valleys to the north.

There are four bedrooms with 20 bunks and mattresses, two bathrooms with showers (hot water is obtained by lighting the stove) and toilets, and the large kitchen/communal room has a stove, sink, fireplace, tables and benches. A veranda on the northern side of the house leads to two pleasant braai areas, and fire wood is supplied.

Apart from the beautiful surroundings with valleys, waterfalls and magnificent mountain pools, there is also a rich variety of flora (including six aloe species), and more than 50 bird, seven reptile, four amphibian and seven mammal species.

The trail is situated on the property of HL&H industrial plantations between Badplaas, Lochiel and Chrissiesmeer. The cost is R20 per person per night. For information and bookings contact the HL&H District Office, PO Box 75, Lothair 2370, or telephone 013462 and ask for 24.



# Dit het gebeur

### Ou Kinta en die vyf gryskoppe se "Watergate"

Toe Ou Kinta by Berg=en=dal aangesluit het, het sy dadelik agtergekom hierdie is 'n sober klompie. Geen gerook of gevloek of gedrink vir hulle nie. Gou=gou het Ou Kinta die reputasie gekry dat sy die watergate opsoek. Ewe skielik verskyn dinge soos sjampanje ontbyte op die program en na 'n stap word gestop by die Lake Pleasant Hotel of die karos vir 'n bier. Ook die werklike watergate word by vertoef en haastige stappers moet nou wag vir Ou Kinta wat wil swem.

Toe gaan Ou Kinta mos saam met vyf gryskoppe van Berg=en=dal na die Sederberge. Die klompie ontmoet vir Willie Wonderman by Algeria. Hy dink mos hy is 'n wonderman omdat hy toe reeds vir vyf dae saam met 26 ander van die Klub in die Sederberge gestap het. Die ses loop toe sommer dieselfde dag na Middelberg hut.

Gedagtig aan die klub se sobere lewenswyse besluit Ou Kinta om 'n bietjie uit te vars en neem slegs 250 ml KVW ROOI Muskadel saam. Die tweede dag kom Ou Kinta egter agter dat die vyf gryskoppe se soberiteit haar skoon laat vergeet om haar doppie te drink by Middelberg hut. (Blaai om)



En toe ..... die een met die wit snor tel 'n vol bottel oubies waarvan die seël nog nie gebreek is nie op in die berge en dit is of die moraliteit verval: hulle bereik nie eers die volgende hut by Boontjies=kraal nie, en moet Agterwarmhoek omdraai. Die Jintelman se voet is klaar en Ou Kinta is naar.

Hulle gaan draai by Grootkloof en die enigste watergat van die dag is die groot soet naartjies wat die Cloetes en Steenkamp bruinmens vir hulle pluk. Hulle is te laat vir die Algeria Hek en miesies Niewoudt van Sandrif gee hulle plek in groothuis B.


Toe gooi die vyf gryskoppe die prop weg van die oubies en die groot leeu en sy vrou staan eerste vir hulle happie. Toe die bottel knak toe dwing hulle Ou Kinta om haar Muskadel uit te haal en drink dit ook klaar.

Waarlik die volgende aand het die Groot Leeu nogal 'n liter bottel Itanliaanse rooiwyn en dit maak hulle sterk sodat die klompie die volgende dag terug gaan berge toe met die swaar sakke op hulle rug. Heeldag soek die ou wit snor net toe bottels wyn. Nog drie nagte in die veld en een by Waanhuis sonder 'n druppel is rof. Na 'n wonderlike daling tot in Duiwelsgat land hulle op die Ithuba pad/ net krap, krap, krap bossies maar geen miljoen te wen nie, en ook geen watergate nie.

Ou Kinta se broek sien toe sy gat = nog 'n skandaal! maar hulle breek 'n Bakleikraal se 750 nek van uit Riempiesgat en dit nogal op 'n Sondagmiddag na ete. Hulle stap een dag vroeg uit selfs met Ou Kinta wat stop by die watergat in Uitkykpas.

Intussen wag Jintelman seervoet by Algeria en die ander vier gryskoppe is bekommerd oor die gebrek aan vloeibare verversings. Sandrif en Flippie se wyn is nog baie ver. Jintelman veras egter met 'n bottel rooiberg riesling wat hy gebêre het. Die proefie sit Ou Kinta en die ander klompie uit en hulle gee nie eers om dat die wind hulle amper wegwaai nie. By Waenhuis is die enigste watergat 'nn swemgat, maar toe kom Sandrif en hulle koop sommer 'n hele boks wyn.

Die nuwe pad uit na die skeure is soos 'n vakansie en aan die einde 'n biertjie vir elkeen. Die vyf gryskoppe het werklik vir Ou Kinta 'n watergate skandaal gewys.



# DIE SEDERBERGE EN DIE STRAUSSE

Die reis daarheen is 'n storie op sy eie en het vir die Strausse en Petria, met twee motors tussen die drie reisigers, amptelik om 15:00 Vrydag 24 September 1993 te Riversdal begin. Waarom Riversdal die beginpunt was, is ook 'n storie op sy eie.

Ons het heerlik ontspanne gery en toe ekself, die selfaangestelde voorryer en padwyser, skuins na donker die handdoek ingooi, omdat ek nie vir Sanddrif kon kry het, het Mathie by Petria in die kar geklim en het Petria die leisels oorgeneem. Seker nog so 'n 80 - 100 km. Verder het sy ons veilig by ons bestemming aangebring - voorwaar 'n prestasie. Teen daardie tyd het ek verwag om enige oomblik die ligte van Calvinia voor my te sien.

Wat 'n ontvangs het ons te beurt geval. In Bert en Sonja se tuiste was almal, wat toe reeds vir Sanddrif gekry het, bymekaar en stap ons in midde in die aandgodsdiens. Dit was so heerlik.

Saterdagoggend en die roete na die Malteserkruis word aangedurf. Van die baie allerpragtigste rotsformasies hoef ek niks te sê nie, want almal het dit gesien, maar ek wil darem sê dit was 'n belewenis en DV wil ons teruggaan om meer hiervan te sien. En as ek sê teruggaan dan bedoel ek saam met die "Berg-en-Dallers", want dit was die pragtigste groepie mense, een met die ander, met wie ons bevoorreg was om so saam te ontspan - dit kom uit die hart.

Opsommend was dit so min of meer waar die Strausse se ontspanning geëindig het en oorgegaan het in spanning, maar daar was twee episodes wat ek graag vir rekorddoeleindes wil boekstaaf.

Tydens Saterdag se voetslaan na die Malteserkruis, het ons groep so effe van die voetpad afgedraai om by 'n heerlike bergstroompie water te drink en net so 'n bietjie te ontspan. Dis toe hier waar ek my bril afhaal en op die grond tussen die fynbos neersit - seker 'n goeie 6 tot 7 meter weg van die voetpad en let wel, tussen die fynbos. So 'n 20 minute later, en al binne sig van die Malteserkruis, ontdek ek dat my bril steeds tussen die fynbos lê. Gelukkig het die terugtog ons langs dieselfde roete geneem en kon ek weer my bril herwin. 'n Swak storie vir 'n blad soos "Opsaal", sal u sê, maar wag totdat u hoor waar was my bril. Toe ek nog so ongeveer 10 meter van die plek af aankom, sien ek iets blink bo in 'n droë waboomtak. Toe ek naderkom merk ek dat daar van skoon toiletpapier 'n netjiese strik aan die tak by die blinkding gemaak is en toe ek nog naderkom, sodat ek sonder my bril kan sien, toe sien ek die blinkding is my bril wat aanvanklik op die grond tussen die fynbos gelaat was.

Ja en dan was daar die konsternasie met die Booysens en Strausse se beursies. Nadat ek en Mathie Sondagmiddag vertrek het Kaap toe, en ons seker sê 10 km weg was, ontdek ek dat my beursie met kontant en bankkaarte vergete gebly het. Ek het te ellendig gevoel om om te draai en sê toe vir Mathie dat ek darem my tjekboek by my het so ons kan maar aanry. Wat was my verbasing toe ek so 'n paar km verder in die stof agter my, Hennie se motor gewaar. Onmiddellik besef ek hy het die beursie op die kassie voor die bed sien lê en uit die goedheid van sy goeie hart, besluit om ons agterna te jaag, welke sending hy toe suksesvol voltooi het. In der haas, en na die mag van die gewoonte, het Hennie skynbaar my beursie in dieselfde sak gesteek waar hy normaalweg sy beursie dra en toe hy my beursie aan Mathie oorhandig, was sy beursie netjies binne in myne geskuif. Gelukkig vir die Strausse want in die Kaap het ons al die kontant baie nodiger gehad as op Sanddrif.

Dit was heerlik saam met die groep en ons sien werklik uit na die volgende geleentheid wat ons in saamwees kan deel.

FAAN EN MATHIE.

# VOETSLAANWYSHEID

## Wandeling

*Ek het met jou deur koeltes van die bos*
*na die verlore vrede teruggekeer,*
*die skeemring oor die natgedrupte mos,*
*die bessies, blomme en die wit-blou veer*
*wat van die snelle swalu glip en los*
*bly hang in trae kringe bo die meer,*
*waar muggies oor die helder waters tros*
*en visse blink-pens na die son omkeer.*

*Jy het my van die mense weggelei*
*na hierdie stil en afgeslote ryk,*
*waar met verwondering voor elke tree*
*ek sien hoe God hier kalmer vorm kry*
*en deur die bessies en die orgidee*
*en oë van die visse na my kyk.*

Hoe goddelik en skoon
en wonderbaar dié toon
wat deur die skepping gaan!



Well, what are we to do?

I believe that one of our new rites of passage should be walking. Hiking through the length and breadth of the land along the old footpaths and trails that our early ancestors trod, listening to the wind, looking at the landscape, sleeping on the red earth of our continent and hearing its ancient heart beating in unison with our own. Carrying what is needed on our backs and relearning to understand that we are part of the land, and that what we do to it, we do to ourselves. In this way the sound of the earth crying will be heard and steps will be taken to live in greater harmony with it, our neighbours and ourselves.

We are one people, one land, one world. Let us walk, slow down and appreciate it, and dream our visions of the future.

Creation's dawn was deep at night
When suddenly: 'Let there be light',
Awakened grass, and flower, and tree,
Chaotic skies, the earth the sea;
Then, to complete creation's span
In His own image, God made man,
And signed His name, with stroke most sure
Man is God's greatest signature!"

Die prag van hemellyn
wat deur die wydtes skyn,
spreek daar so luid en kragtig
dat nêrens hart of oor
dié skeppingstaal nie hoor —
tot roem van God almagtig.

Geseënd is die man
wie se praat beter is as
sy stilbly.

* **Let op wat jy agterlaat — en saamneem!**

Ek het hier nie net lekkergoedpapiertjies langs die pad in gedagte nie maar veral die spul gemors (leë blikkies, plastiese sakke, papiere ens.) wat baie stappers agterlaat waar hulle geëet of geslaap het. Dit is naar maar waar: baie mense het nie eers die toiletmaniere van 'n kat nie!

Moet tog nie van die stukkies natuur wat nog bewaar gebly het ook 'n vullisbak maak nie. Onthou, u kinders se kinders se kinders moet eendag ook nog daarvan kan geniet.

Alles wat jy in 'n bepaalde gebied *ingedra* het, moet jy weer *uitdra* — selfs die sigaretstompies. Probeer altyd om 'n terrein skoner te laat as wat jy dit gevind het. Om ander se vullis te verwyder is nie benede 'n natuurliefhebber se waardigheid nie.

Jy mag NIKS — behalwe jou voetspore — agterlaat nie.

Baie stappers laat 'n spoor van verwoesting agter. Een stompie of vuurhoutjie kan 'n pragtige veld en inheemse woud laat afbrand.

Baie het nog steeds nie geleer dat plante — al is die blomme ook hoe mooi — nie beskadig of verwyder mag word nie. Let dus ook op wat jy saamneem!

Jy mag NIKS — behalwe jou mooi foto's, aangename herinneringe en bruin sonbrand — saamneem nie!

* **Let op jouself!**

As jy in die veld is, beteken dit nie dat jy nie meer jou klere en jou-self hoef te was of jou tande te borsel nie. 'n Ongeskeerde baard sal niemand hinder nie, maar jou tentmaat sal na alle waarskynlikheid nie baie ingenome met slegte asem, stink kouse en 'n sweetreuk wees nie!

Ook op die voetslaanpad is voorkoms belangrik. 'n Mens hoef nie te lyk of jy uit 'n voddemandjie aangetrek is wanneer jy in die veld is nie. Jou *wildernis*maniere hoef nie *wilde*maniere te wees nie!

As jy ooit gedink het dat jy iets besonders is, kyk 'n keer na die sterre en hou die volgende in gedagte. Jy self is onbeduidend klein — nie eers 'n stofstippeltjie op die aarde nie. Die aarde self is op sy beurt 'n nietige, byna uitgedoofde planeetjie van 'n onbelangrike sterretjie in die ontsaglike ruimtes van die heelal. Die afstande is so geweldig dat die sterrekundiges dit nie in kilometers nie maar in parsek uitdruk. 'n Parsek is 'n afstand van ongeveer $30 \times 10^6$ km of 'n bietjie meer as drie ligjare. (Een ligjaar is die afstand wat lig in een jaar aflê, nl. byna 10 biljoen kilometer!)

Die son is, hoewel dit een miljoen maal groter as die aarde is, ook maar baie klein as die omvang van die hele Melkweg, waarvan dit deel is, in berekening gebring word. Ons lê op die rand van die Melkweg op 'n afstand van ongeveer 8 000 parsek van sy middelpunt af en ons beweeg teen 'n snelheid van ongeveer 500 000 km/h om die middelpunt. Die totale deursnee van die Melkweg is 30 000 parsek, en dit bevat ongeveer 1 000 000 000 000 sterre!

Die Melkweg is op sy beurt egter net een lid van 'n groep sterrestelsels, die sogenaamde lokale groep. Die deursnee van die hele groep is ongeveer een miljoen parsek! (Lig het dus ongeveer $3 \times 10^6$ jaar nodig om van die een kant van die lokale groep na die ander te beweeg).

Maar ook die lokale groep is slegs 'n onderdeel van die onmeetlike heelal. Op afstande van 250 000 parsek vanaf die lokale groep kan ander groepe onderskei word. Op 'n afstand van $10 \times 10^6$ parsek van die Melkweg af is daar 'n groot sterregroep wat uit 1 000 sigbare sterrestelsels (teenoor die slegs 19 van ons lokale groep) bestaan. As in gedagte gehou word dat elkeen van hierdie 1 000 stelsels 'n samestelling is so groot en met soveel sterre as ons eie Melkweg, begin 'n mens duisel. Met die teleskoop op Mount Palomar in die VSA is reeds altesaam $500 \times 10^6$ sodanige stelsels waargeneem en

ons kan aanneem dat daar veel meer — waarvan die lig die aarde nog nie bereik het nie — bestaan!

Hierdie ruimtes is so groot dat dit 'n mens se keel laat toetrek. Gelukkig ervaar ons hierdie geweldige afstande, wat ons verstand te bowe gaan, nie so as ons op 'n helder nag in die veld die sterregeskitter gadeslaan nie. Die klein bietjie ruimte wat ons kan ervaar, is net genoeg om ons weer te laat asemhaal!

## 'n Staptoer in Namibië.

Die oggend van 22 Mei 1993, vertrek Austen, Annie en Hennie na Namibië. Die aand sluit Willie en Annekie Nel, te Upington, by hulle aan.
Die oggend van 25 Mei 93, meld die ywerige stappers by die Skedelkushek aan, na 'n rit van 2,435 kilometers. Vanaf hier sal hulle op 'n begeleide stap langs die Ugabrivier geneem word. Dit is 'n openbare vakansiedag, nl. Afrikadag en die Hekbeampte maak eers sy verskyning na 08h00 , om ons mee te deel dat ons nie verwag word nie. Hy sal egter poog om die gids per radio te skakel, 200 kilometers daarvandaan. Ons word meegedeel dat hy daarin geslaag het om die Gids te vind en dat ons maar moes wag. Die beampte is egter baie hoflik en nooi ons om in die gastehuis te wag en bied 'n motorhuis aan, waar die kombi geberg kan word. Jan Grobler, die gids daag na 11h00 op en is ooglopend nie baie beïndruk met sy gryskop stappers nie. Na voltooiing van die nodige dokumentasie word ons groep 50 kilometers die woestyn ingeneem na die boloop van die Ugabrivier. Die rit was egter baie interresant daar die grond en rotsformasies voortdurend wissel. Ons sien ook heelwat Welwitschia plante.
Omstreeks middag bereik ons, ons kampgebied, wat uit baie sand, bosse, 'n groot kameeldoringboom en 200 liters water, in 'n ou brandstofdrom, bestaan. Ons gids gaan terstonds lê en slaap en sê dat ons namiddag sal gaan stap. Die namiddag stap ons die rivier op en sien 'n paar Gems- en Springbokke. Wildspore word in groot getalle, asook dié van 'n bruin Hiëna, gevind. Op 'n kliprandjie langs die rivier, word 'n verskeidenheid ligene, wat op klippe en rotse groei, aan ons uitgewys. Na 'n stap van ongeveer 5 kilometers is ons vroeg namiddag terug in die "kamp".

Die Oggend van 26 Mei 93, word daar eers na 08h00 rivier af gestap. Die grondformasies in die omgewing dui aan hoe die rivier se loop van tyd-tot-tyd verander het. Alhoewel daar standhoudende fonteine in die loop is, is dit baie brak. Die plantegroei bestaan hoofsaaklik uit soutagtige struike en baster-tamarisk. Ons gids word meer spraaksaam hoe verder daar gestap word. Alhoewel wildspore in groot getalle voorkom sien ons slegs ŉ paar spring- en Gemsbokke. Vroeg namiddag bereik ons ŉ rotskop langs die rivier, waar ons uitstap en ons tente vind, wat die vorige dag hier afgelaai is. Ons kamp die aand op sandkolle tussen die rotse. Die gids deel ons mee dat ons ongeveer 18 km afgelê het, wat betwyfel word. Die stappers verwyl hulle tyd die namiddag deur rond te stap en te was. Die drinkwater is hier in twee plastiek kanne gelewer.
Ons begin die oggend van die 27 ste eers laat te stap en word direk die woestyn ingeneem, waar ŉ verskeidenheid van plante aan ons uitgewys word. Die ontkieming en groei van die oer-oud Welwitschia word aan ons verduidelik. Dit is duidelik dat Jan Grobler sy vak ken. Omstreeks 11h00 word ons opgelaai en na die mond van die Ugabrivier geneem, waar oorblyfsels van hutte, wat met walvisbene gebou is, aan ons gewys word. Dit word beweer dat ŉ Swart-stam eeue gelede hier gewoon het. Dit word bereken dat die hutte met die bene van ongeveer 18 walvisse gebou is.
Om 12h50 groet ons Jan Grobler en vertrek na Hentiesbaai, waar ons oornag. Op pad daarheen word eers te Kaapkruis aangedoen, waar ŉ Robkolonie van ongeveer 300,000 hou, wat ŉ gesig, om nie van die stank te praat nie. Na ŉ verblyf te Swakopmund en besoek aan Sesriem en die rooiduine van Sosusvlei, waar ons in die sand vasgesit het, vertrek ons groep op 1 Junie 93 na Naukluftpark.



## NAUKLUFTPARK.

Kort na 10h00 op die 1ste Junie, arriveer ons groepie te Naukluft. Die Toesighouer is baie gaaf, maar soek ons medieseserti-fikate, wat inbesit van Jan Grobler is. Alhoewel baie hoflik wil hy niks van ons probleme weet nie. Hennie versoek hom om die beampte te Sesriem te skakel, wat hy goed ken, waarna ons toestemming verleen word om te stap. Ons oornag die aand te Naukluft in ŉ gerieflike ou plaashuis.
Naukluft - Putte - 2Junie 93.
Die eerste paar kilometers volg die roete ŉ rivierbedding totdat dit teen die berg uit lei en weer daal na fonteinkloof, waar ŉ groot aantal zebra en ander wild geraamtes aangetref word. Dit is ŉ algemene gesig, daar diere wanneer dit maer is, te swak is om die klowe uit te klim, nadat dit dik gesuip is en val dan verkeerd en vrek. Hiervandaan klim die roete weer totdat dit uitplat na die Putte skuiling. Die skuiling soos al die ander bestaan uit ŉ afdak met ŉ muur van ongeveer 1,2 meter, wat dit omring. Hier is ŉ handdraaipomp op ŉ put.

Putte - Ubusiskloof, 3de Junie.
Vanaf die skuiling volg die aanwysings, wildvoetpaaie oor ŉ ruwe nek van rondeklippers, wat moeilik onder die voet is. Die eerste gedeelte tot by bergpos stap maklik, totdat ons in die pragtige Ubisiskloof afdaal. Hierdie kloof is uiters rotsagtig met reuse hoë wande, waarop Maringa-/Meulsak/Sprokiesbome, Kokerbome en reusagtige Aalwyne groei. Hierdie kloof is ŉ moet vir enige stapper nieteenstaande die geklouter en klim met kettings en wanneer ŉ persoon nog ŉ ketting klim om ŉ droeë gat te omseil dan weet jy , jy het gewerk. Dit is alles die moeite werd wanneer die moeë stapper by die pragtige Ubisishut, met stort en lopende water aankom.

## Ubisis - Adlerhorstskuiling 4 Junie 93

Vanoggend klim ons weer die Ubisiskloof uit na Bergpos. Die rotsskakerings teen die opkomende son is pragtig. Ons is ook nou meer bedrewe met die kettingkloutery. Nadat ons die kloof uit is, is dit 'n maklike stap na Adlerhorstskuiling. Ons is reeds om 14h00 hier. Hier is slegs 'n klein monopomp, wat met die hand gedraai word. Die eerste paar emmers water was besoedel met dooie bye. Hierdie is bergsebra wêreld en die nag sien ons 5 in die maanlig.

## Adlerhorst - Tsams Ost. 5 Junie 93.

Die eerste gedeelte van hierdie roete stap maklik totdat dit in die ravyn, wat deur die Tsamsrivier uitgekerf is daal. Hierdie is 'n indrukwekkende gesig. Ons was gelukkig om vanoggend 'n groot Koedoebul en twee Zebras te sien. Na 'n paar kilometers klim die voetpad die kloof na regs uit om 'n droeë waterval te omseil om ongeveer 2 kilometers verder weer steil na die kloof af te daal. Hiervandaan volg die roete weer die rivier verby 'n reusagtige Maringaboom en wildevyebome. By die uitgang van die kloof is 'n mooi uitgelegde kampeerplek. Vanaf hier volg die roete 'n goeie grondpad na die skuiling. Die wild en selfs 'n luiperd se spoor word in die pad aangetref, klaarblyklik is die oppervlakte van die grond te klipagtig vir hulle. Hier moet ons water met 'n emmer, uit 'n 40 voet diep put met 'n rol uitdraai. Vanaf Tsams Ost kan daar ~~terug gestap word na Naukluft via kapokvlakte of kan daar~~ na die Sesriem - hoofpad gestap word.

## Tsams Ost - Die Valle 6 Junie 93.

Vanoggend word daar hard geklim teen Broekskeur uit, wat nie veel probleme lewer nie daar dit goed gemerk is. Ons het egter nie al ons waterbottels volgemaak nie, daar ons halfpad by fonteinpomp sal volmaak, net om te vind dat daar geen water is nie.



Hierdie is 'n maklike roete nadat Broekskeur uitgeklim is. Die laaste 11 km volg 'n ou tweespoor pad oor vlaktes waar melkbos, papierbos in groot getalle voorkom. Op die hoogtes groei Koker- en Maringabome. Naby die skuiling sluit ons by 'n goeie pad aan, wat na die skuiling lei. Hierdie was ooglopend 'n ou jagkamp met die nodige geriewe. Die water het egter opgedroog en word nou daarheen aangery.

## Die Valle - Tufaskuiling 7 Junie 93.

Hierdie is 'n 'n harde, maar van die mooiste stappe op dié roete. Na 600 meter se stap in 'n droë rivierbedding, in die rigting van die droë valle, swaai die spore links op in 'n kloof, teen groot Hartseer uit. Daar word nou oor rotse geklouter en geklim vir 175 meter hoog, alvorens dit na regs swaai na die droë waterval. Hiervandaan word die loop van die rivier gevolg verby die pragtige Tufagrot, wat in 'n groot sandsteen kop is, waarom die rivier vloei. Hiervandaan word kloof na kloof gevolg en groot wildevyebome word teen die wande aangetref, met wortels wat tot 15meter deur rots en klip afgroei na die rivierbedding. Die roete klim voortdurend tot op 'n hoogte van 1830 meter, waar dit op 'n vlakte uit lei en met 'n ruwe tweespoorpad, langs 'n kloof afdaal tot op 'n hoogte van 400 meter, te Tufaskuiling. Die skuiling is langs 'n rivier, waar ons drinkwater uit 'n fontein pomp. Vanaf hier is 'n ontsnappingsroete na die Maltehöhepad.

## Tufaskuiling - Kapokvlakte: 8 Junie 93.

Die roete kruis die rivier by die skuiling en lei oor klip besaaide vlakte tot in 'n kloof, wat aanvanklik maklik stap. Die kloof word al nouer hoe verder daar gevorder word totdat dit teen 'n droëwaterval doodloop, nadat ons alreeds op drie geleenthede kettings moes gebruik. Hierdie val is ongeveer 28 meter hoog en hier moet weer teen die

en hier moet ons teen die loodreg wand met ŉ ketting uitklouter. Hiervandaan word daar oor ŉ vlakte, bestrooi met losklippe,na Bakenskop, 1910m geklim. Vanaf hier het die stapper ŉ panoramiese uitsig oor vlaktes en valleie na die Ooste. Die route volg vanaf hier ŉ swak tweespoorpad oor die kapokvlaktes na die skuiling, onder ŉ groot baster-kareeboom. Die skuiling is so laag dat Austen besluit om liewers in die ope te slaap. Hier sien ons heelwat Springbokke en ŉ paar Zebras. Varswater word hier in ou brandstofdromme voorsien en moet dit baie spaarsaam gebruik word.

Kapokvlakte - Naukluft : 9 Junie 1993
Daar word vanoggend vroeg gestap. Die eerste paar kilometers word daar met ŉ gruispad gestap en dan volg die roete die kruin van die waterskeiding van die Naukluftrivier,voordat dit in ŉ sytak na die rivier afdaal. Ons was gelukkig om die oggend weer ŉ paar Zebras op ŉ afstand te sien. Hennie besluit om vooruit te stap toe ons die sytak bereik om die voertuig reg te kry. Die roete daal skerp in die sytak af en soms moet daar oor groot rotse geklouter word. Hierdie kloof is besonders mooi en die stapper word verplig om van tyd tot tyd te stop om die uitsonderlike rotsformasies te bewonder. Waar die sytak by die hoofstroom aansluit, is kristalhelder waterpoele waar die stapper kan afkoel en sy dors les. Daar is egter nie vanoggend daarvoor tyd nie. Nadat daar water gedrink is word die roete langs die rivier af gevolg totdat dit na links wegswaai na die hut. Kort na 12h00 is almal by die hut en word daar vinnig gelaai en vertrek ons na Hardapdam. Vanoggend is daar vinnig op die laaste 16km gestap.



Besonderhede van roete:-

Dit is ongeveer 120 kilometers lank. Alhoewel die roete gemerk is en hulpmiddels soos kettings op moeilike plekke aangebring is, volg dit hoofsaaklik wildsvoetpaaie, daar is nie ŉ gebaande voetpad nie.
Dit kan oor 4 daë tot by Tsams Ost of 5 daë tot by die valle gestap word, mits daar voertuie gelaat word, wat ŉ groot ompad is.
Hierdie is ŉ baie veeleisende roete en moet slegs deur fikse persone aangedurf word. ŉ Mediesesertifikaat word vereis.
Roete daarheen:-
Ry tot by Mariental en vandaar met roete nr. 34 na Maltahöhe. Vanaf Maltahöhe volg die Solitaire 14/2 roete vir ongeveer 106 kilometers en draai links op roete nr 854 vir ongeveer 10 kilometers, die toegangshek is op die regterkant van die pad.

Kontak persoon:-
Direkteur van Natuurbewaring en Toerisme
Privaatsak 1326
WINDHOEK
Namibië 9000 : Tel.061x36975, Faks. 061X 224900
Geliewe daarop te let dat geen brandstof te Naukluft beskikbaar is nie.

Hennie Mouton

